

Skripsie tema: ONTSPORING: BEOORDELING VAN 'N TEOLOGIESE SPOORWISSELING IN DIE DIAKONIOLOGIE

Onder leiding van: Prof. J. Bosman

OPSOMMING

Hierdie skripsi se titel is: ONTSPORING: BEOORDELING VAN 'N TEOLOGIESE SPOORWISSELING IN DIE DIAKONIOLOGIE. Die volgende navorsingsvraag gevra: Verloor die teologiese navorsingsdissipline bestaansreg as gevolg van Firet se spoorverwisseling vanaf Diakoniologie na Praktiese Teologie in *Het Agogisch Moment?* 'n Nie-empiriese literêre studie was gevolg, waarvan die primêre fokus 'n literatuur- en teologiese analise was.

Hoofstuk 2 maak 'n deeglike analise van prof. dr. Jacob Firet (1923-1994) se boek *Het Agogisch Moment*. Die analise wys dat Firet doelbewus vir Praktiese Teologie teenoor Diakoniologie gekies het. Firet gebruik ook Barth se Theo-antroposentriese benadering. Praktiese Teologie is nie net God gerig nie, maar ook op die mens. Kennis kan ook vanuit die ander wetenskappe geput word. Firet se pastorale optrede word verder deur Carl Jaspers se kommunikatiewe filosofie aangevul. In die kommunikatiewe filosofie soek twee mense gelykmenslik na die waarheid. Waarheid staan nie meer vas nie, maar is voortdurend aan die beweeg. Daar is nie meer sprake van gesaghebbende verkondiging van God se waarheid nie. Twee fundamentele afwykings in Firet se Praktiese Teologiese model staan uit:

- Daar word nie met die Goddelike werklikheid buite die mens, met die werking van die Heilige Gees of met Christus as Hoof van die kerk rekenskap gehou nie. Die wetenskaplike retoriek of kommunikatiewe handelingsteorie is 'n antropologiese model waarin God geen plek het nie. Die sukses van die Woordverkondiging hang nou van die pastor se vaardigheid af.
- Die vertrekpunt in die Praktiese Teologie is nie meer die Woord van God nie, maar die menswetenskappe. Die Skrif word eers op 'n latere stadium in die Praktiese Teologie se wetenskaplike proses betrek. Dit is nie meer die Woord

van God wat lig op die mens se situasiewerp nie, maar die mens se situasie wat lig op die Woordwerp.

Die doel van die pastorale optrede is die begeleiding van 'n mens na geestelike funksionering of selfstandigheid en die aktualiteit van essensiële menswees. Firet noem die verstandelik-geestelike funksionering "bekering". Die agogiese moment is daardie moment waar 'n mens se "regte funksionering" deurbreek. Firet se model is essensieel antropologies.

Hoofstuk 3 wys hoe toonaangewende Afrikaanse Reformatoriese teoloë in Suid Afrika op die spoor van Firet gevolg het.

- Eerstens was daar gewys hoe J. Firet met die loop van tyd getoon dat hy al hoe meer theologies ontspoor het. Daar was al hoe minder klem op die Skrif geplaas en al hoe meer klem op die mens.
- H.J.C. Pieterse was die toonaangewende figuur in die Praktiese Teologiese diskussie in Suid Afrika. Hy het homself doelbewus op die spoor van Firet geplaas. Die studie het getoon dat Pieterse die Skrif by die Praktiese Teologiese besinning uitgelaat het. Die menswetenskappe is die toonaangewende element in die Praktiese Teologie. Pieterse se teologie het al hoe meer, net soos met Firet die geval was, gesekulariseer.
- D. Louw wou nie tussen die Woord en psigologie kies nie. Hy praat van 'n doelbewuste Christelike perspektief. Volgens Louw sou 'n keuse vir teologie of vir psigologie in eensydigheid eindig. Ten spyte van Louw se Christelike perspektief laat hy steeds die humanistiese gees van die dag toon aan gee. Louw kies vir die "Godsbegrip" Vriend eerder as Vader, Regter, Heerser, Koning, of enige metafoor wat op status, hiërargie, outhoritêre dominansie en afstand sinspeel. Hierdie ander Godsbegrippe sou volgens Louw aanstoot gee en daarom moet dit nie gebruik word nie.
- A.G. van Wyk bevraagteken konfessionele grense, die kommunikatiewe handelingsteorie en die Skrif as enigste norm. Volgens Van Wyk is daar geen plek vir konfessionele vertrekpunte nie. Pieterse het nie die Skrif verwerp nie, maar het gesê dat dit nie die taak van die Praktiese Teologie is om dit te bestudeer nie. Van Wyk verwerp egter selfs die Praktiese Teologiese model wat Pieterse op die tafel kom sit het. Die Woord van God het sy gesaghebbende

plek in die Praktiese teologie verloor en is vandag totaal en al by die Praktiese Teologie afwesig.

Hoofstuk 4 fokus op Diakonioloë se beoordeling van die spoorwisseling. Teoloë soos C. Trimp, W.D. Jonker, J.J. de Klerk en J.J. van Vuuren kom onder bespreking. Tydens die ondersoek is die volgende ernstige theologiese afwykings uitgelig:

- Die Woord van God word as blote menslike getuienis van God beskou. Dit het die gevolg dat die Woord van God al hoe meer uit die Praktiese Teologie verdwyn.
- Die pastor kan nie meer die Woord van God gesagvol verkondig nie. Die sukses van die Woordverkondiging hang nou van die "kreatiwiteit" en "geloofwaardigheid" van die pastor af. Bekering is die regte "verstandelik-funksionering" of die "kom tot volwassenheid" van die mens. Die doel van "kommunikasie" is eksistensiële probleemoplossing.
- Die Heilige Gees word net soos die Woord van God uit Praktiese Teologie verdring. Die Heilige Gees word aan die suksesvolle selfrealisering van die mens toegevoeg.
- Die menswetenskappe neem die plek van die Heilige Gees en die Woord in. Dit gee koers in die Praktiese Teologie en nie die Woord van God nie. So verloor Praktiese Teologie sy theologiese karakter.

Hoofstuk 5 is 'n voorlopige kritiese beoordeling van alles wat in hoofstukke 2 tot 4 bespreek is. In Hoofstuk 6 word 'n voorlopige koersaanduiding gegee:

- Die onfeilbare en geïnspireerde Woord van God moet weer die sentrale en toonaangewende plek in die Praktiese Teologie inneem.
- Die pastors moet die mandaat wat aan hulle opgelê is, naamlik die verkondiging van die Woord, tot eer van God uitleef. Hy moet die waarheid kragtig en sonder vrees verkondig.
- Die sukses van die Woordverkondiging lê by die Heilige Gees. Die pastor moet wel sy taak goed verrig. Dit sal eendag in vuur getoets word. Dit is egter die Heilige Gees wat die saad ten spyte van die pastor laat groei.

- Die nie-teologiese wetenskappe kan benader word vir raad. Dit is egter die Skrif wat alle menslike kennis deurgrond en toets. Dit wat die toets van die Skrif deurstaan kan gebruik word.

In lig van die bevindings van die studie kan die navorsingsvraag voorlopig geantwoord word: Die teologiese navorsingsdissipline inderdaad sy bestaansreg verloor as gevolg van Firet se spoorverwisseling vanaf Diakoniologie na Praktiese Teologie in *Het Agogisch Moment*.

SUMMARY

The title of this dissertation is: DERAILING: ASSESSMENT OF A THEOLOGICAL TRACK CHANGE IN THE DIACONIOLOGY. The research method was a non-empirical literary study. The primary focus was on a literary and theological analysis.

In chapter 2 the following research question is asked: Does the theological research discipline lose its right of existence as a result of Firet's track change from Diaconiology to Practical Theology in *Het Agogisch Moment*?

In chapter 2 a thorough analysis was made of prof. dr. Jacob Firet's (1923-1994) book *Het Agogisch Moment*. The study showed that Firet deliberately chose Practical Theology rather than Diaconiology. He also chooses Barth's Theo-anthropocentric approach. This means that Practical Theology is not just focused on God but also on man. Knowledge can now be gained from the other sciences. Firet also chose Carl Jaspers' communicative philosophy to supplement the Practical Theology, or more specifically the pastoral actions. This means that people can equal-humanly look for the truth together. Truth no longer stands firm, but constantly on the move. There is no more mention of authoritative preaching of the truth. No account is taken of the Godly presence beyond man, the working of the Holy Spirit or of Christ as Head of the church. The scientific rhetoric or communicative action theory is an anthropological model where God has no place. The success of the Scripture preaching now depends on the pastor's proficiency. Furthermore the starting point of Practical Theology is no longer the Word of God but the human sciences.

Chapter 3 shows how leading Afrikaans reformed theologians in South Africa followed on the track of Firet. The theologians that was taken under discussion was: H.J.C. Pieterse, D. Louw en A.G. van Wyk.

- Firstly it was shown how J. Firet indicated with the passing of time that he derailed theologically all the more. There was less and less stress on the Scriptures all the more stress on man.
- H.J.C. Pieterse was the leading figure in the Practical Theological discussion in South Africa. He placed himself deliberately on the tracks of Firet. The study showed that Pieterse left the Scripture out of the Practical Theological contemplation. The human sciences are the influential elements in Practical

Theology. Pieterse's theology became all the more secularized, as was the case with Firet.

- D. Louw did not want to choose between the Word and psychology. He speaks of a deliberate Christian perspective. According to Louw such a choice either for theology or psychology will end in one-sidedness. Regardless of Louw's Christian perspective he lets himself be guided by the humanistic spirit of the day. Louw chooses the "idea of God" as Friend rather as Father, Judge, Ruler, King, or any other metaphor that insinuates status, hierarchy, authoritarian dominion and distance. These other ideas of God, according to Louw, can give offence and therefore should not be used.
- A.G. van Wyk questions confessional borders, the communicative action theory and the Scriptures as only norm. According to Van Wyk there is no place for confessional starting points. Pieterse did not reject the Scriptures, but said that it is not the task of Practical Theology to study it. Van Wyk even rejects the Practical Theological model that Pieterse put on the table. The Word of God lost its authoritative place in the Practical Theology and today it is completely absent from Practical Theology.

In chapter 4 the focus is on Diaconiologists' assessment of the track change. Theologians such as C. Trimp, W.D. Jonker, J.J. de Klerk and J.J. van Vuuren came under discussion. During this investigation it was seen that serious theological deviations occurred.

- The Word of God is simply viewed as human witnessing of God. This had the result that the Word of God disappeared all the more from Practical Theology.
- The pastor can no longer preach the Word of God with authority. The success of the Scriptural preaching depends on the creativity and credibility of the pastor. Repentance is the right "mental functioning" or the "come to adulthood" of a person. The function of communication is existential problem solving.
- The Holy Spirit is driven out of Practical theology just like the Word of God. The Holy Spirit is attached to the successful self-realization of a person.
- The human sciences takes the place of the Holy Spirit and the Word. It gives direction in the Practical Theology and not the Word of God. In this way Practical Theology loses its theological character.

Chapter 5 is a preliminary assessment of everything that was discussed in chapters 2 to 4. In Chapter 6 a preliminary indication of direction is given:

- The infallible and inspired Word of God must again take the leading position in the Practical Theology.
- The pastors must live out the mandate that is given to them, namely the preaching of the Word, to the honour of God. He must preach the truth powerfully and without fear.
- The success of the Scriptural preaching lies with the Holy Spirit. The pastor does indeed perform his task well. One day it will be tested in fire. It is the Holy Spirit that lets the seed grow despite of the pastor.
- The non-theological sciences can be approached for advice. It is rather the Scriptures that penetrates and puts all humanly thoughts to the test. That which withstands the tests of the Scriptures can be used.

In light of the findings of this study the research question can be preliminarily answered: The theological research discipline indeed loses its right to exist as a result of Firet's track change from Diaconiology to Practical Theology in *Het Agogisch Moment*.